# INHOUD PER KWARTAAL

# • GESKIEDENIS •

## GRAAD 5

## KWARTAAL 1

• Jagter-versamelaars & Herders in Suider-Afrika •

## KWARTAAL 2

• Die eerste Boere in Suider-Afrika •

## KWARTAAL 3

• Antieke Egipte •

## KWARTAAL 4

• 'n Erfenisroete deur die Provinsies van Suid-Afrika •

*Geen inligting, toetse, memorandums, opsommings, dokumente, aanhangsels mag gereproduseer, gekopieer, versprei en/of herverkoop word op enige manier sonder die geskrewe toestemming van My A Plus (Edms) Bpk nie.*

# VOORBEELD:
# UITTREKSEL UIT 'n VRAESTEL



© My A Plus ©

# • GESKIEDENIS •

## GRAAD 5

## KWARTAAL 1

**• Jagter-versamelaars & Herders in Suider-Afrika •**

## Afdeling A | Meervoudige keuse

 © Kopiereg 2018-2024. My A Plus (Edms) Bpk. Kopiereg voorbehou.


1. Omkring die korrekte antwoord:

1.1 Wie was die eerste mense in Suid-Afrika?

A Die KhoiKhoi

B Die Khoi-San

C Die San

D Die Afrika-boere

1.2 Hoe het die San vleis gekry?

A Hulle het wilde diere gejag

B Hulle het vee geslag

C Hulle was vegatariërs en het net plante geëet

D Die KhoiKhoi het 'n slaghuis begin

1.3 Van waar af het die KhoiKhoi gekom?

A Die Suide

B Die Noorde

C Die Ooste

D Die Weste

1.4 Hoe weet ons vandag hoe die San en KhoiKhoi geleef het?

A Hulle het geskrifte agtergelaat

B Deur rookseine wat hulle gebruik het

C Deur rotsskilderye wat hulle gemaak het

D Ons sal nooit weet hoe hulle geleef het nie

1.5 Waarvan was die voorwerpe gemaak wat van die San en die KhoiKhoi gevind is?

A Koper en minerale

B Yster en steen

C Hout en velle

D Klip en been

1.6 Waarom leef die San en KhoiKhoi nie meer soos lank gelede nie?

A Hulle het uitgesterf

B Hulle het hulle grond verloor en is gedwing om hulle lewenswyse te verander

C Hulle het geëmigreer

D Hulle het na stede toe verhuis

1.7 Hoe het die San-vroue water gekry in droë seisoene wanneer water skaars was?

A Hulle het gate in bome gemaak

B Hulle het vog uit plantwortels gedruk

C In oases in die woestyn

D Van kamele

1.8 Waarin is water geberg?

A In volstruiseierdoppe met selfgemaakte kleiproppe

B In holtes in die grond

C In groot blare

D In kokoneutdoppe

1.9 San-jagterversamelaars het…

A gewasse gekweek en diere aangehou

B baie min gedoen om die omgewing te beskadig

C gewasse gekweek

D diere aangehou

1.10 Watter opsie is waar? Die San was:

A nomadies

B herders

C boere

D semi-nomadies

1.11 Wie was die beste spoorsnyers?

A Die KhoiKhoi

B Die Khoi-San

C Die San

D Die Afrika-boere